GOEIE VADERS OMDAT JULLE LIEFHET

Piet Strauss

Vaderskap het in ons tyd ‘n omstrede saak geword.

‘n Uitdrukking wat in baie praatjies en gesprekke oor die saak voorkom, is die “*afwesige vader*”.

Luister jy na die berekenings van sommige “kundiges” oor hoeveel tyd sekere pa’s aan hulle kinders spandeer, is dié uitdrukking in die kol. Merk jy watter een van die ouers hulle kinders se skoolaktiwiteite bywoon, is Pa gereeld afwesig. Ma moet selfs instaan vir opbouende, gepaste kommentaar op Boetie se nuutste rugbypoging!

Verseker nou die toekoms van Springbokrugby op hierdie manier!

Wat die probleem van die afwesige Pa verdiep, is die sug dat hy ook nie by sy kinders se geestelike en persoonlike worstelinge betrokke is nie. Dit is asof Pa hieraan verbyleef en net nie fisies en geestelik bereikbaar is as hulle hom nodig het nie. Asof Pa nie verstaan dat Boetie nie probleemvry kan grootword nie en dat Sussie nie altyd net die regte ding op die regte tyd kan sê en doen nie.

Pa het sy taak as vader versmal tot die hoofbroodwinner in die huis en daarmee basta.

Wat hy van sy kinders verwag, is dat hulle ten minste na buite niks sal doen wat sy beeld in die gemeenskap skaad nie. Dat hulle waardering sal hê vir die feit dat hy hom afsloof vir hulle op plekke buite die huis wat hulle nooit sien of beleef nie. Dat hulle sal besef dat hy saans moeg is en nie tuis ook met probleme opgesaal wil word nie.

Vaders met verskraalde lewens

Vanuit ‘n Bybelse perspektief ly hierdie vaders aan ‘n geestelike siekte wat algemeen in die Westerse wêreld voorkom: materialisme wat die lewe verskraal tot die finansiële kant daarvan en lewenssekuriteit soek in geld, besit en hoe jy kompeteer met mededingers.

Daarom hulle houding: Wat is julle kinders se probleem dan? Waarom is julle nie tevrede met wat julle het nie? Julle het geen tekort (aan geld) nie. Of erger: julle het tog alles wat julle *harte* kan begeer!

Hierdie vaders verskraal die ryke volheid van die lewe tot die van ‘n *kitsbankmentaliteit*. Hulle reageer net op impulse as gesinslede geld vra. Hulle besef nie dat lewelose masjiene wat vir finansies geprogrammeer word, nie goeie vaders is nie. Dat Ma, Boetie en Sussie na ‘n man- en vaderfiguur in die huis soek met wie hulle óók emosionele, soms onlogiese gevoelsdinge kan deel of beleef. By wie hulle, omdat hy persoonlik en emosioneel met elkeen kontak maak, ook die sekuriteit van sy vaderlike begrip en aanvaarding sonder woorde kan ervaar.

Hulle soek dikwels daardie aansporing en stille trots op sy eie kinders in Pa se oë en sy liggaamstaal. Daardie “kritiese” goedkeuring wat hulle jong selfbeelde bou en hulle met liefde op Pa laat reageer. Daardie gevoel van Pa se begrip en teenwoordigheid wat bydra tot hulle geestelike heelwees as ‘n vereiste vir ‘n goeie lewe.

Goeie vaders omdat julle liefhet

Hoekom is daar sprake van die “afwesige vader?”

Is dit omdat baie vaders nie die Bybelse figuur van vaderskap ken nie? Omdat vaders hierdie riglyne vir vaderskap nie as bevrydend nie, maar as ‘n lastige vonnis ervaar? Omdat die verskraling waarvan hier sprake is, man en muis ingesluk het?

Ons sal die Here God as Vader nooit kan ewenaar nie.

Maar in sy vaderskap van die gelowiges lê daar baie lesse opgesluit.

Hy het opnuut, nadat ons uit ongehoorsaamheid ons eie heil wou uitwerk, ons geestelike Vader in en deur Christus geword. Hy het ons Vader geword nadat Hy ons as sy gelowige kinders deur sy Woord en sy Gees (Johannes 1:12-13; 3:3-8) verwek het. Hy het ons lief omdat Christus as Middelaar en Verlosser sy liefde vir ons moontlik gemaak het.

Hy is ons Vader wat verlos en versorg, begelei en vermaan, troos en versterk, *omdat Hy ons liefhet* (Johannes 3:16-18 ens, ens).

‘n Pa wat sy kinders liefhet, wil met hulle sielskontak maak en by hulle groot oomblikke teenwoordig wees. Hy wil soos die Here sy liefde vir hulle wys sonder om hulle foute goed te praat. Hy is juis betrokke én word deur hulle as Pa aanvaar as sy liefde wys…

‘n Pa wat wys dat hy sy kinders liefhet, kan en sal ook verskoon word as hy afwesig móét wees.

By ons wat gereformeerd groot geword het, is dit geen gewoonte om jou diepste gevoel vir Ma of Pa of Boetie of Sussie te wys nie. Ons hedendaagse styl het egter verander. Ons wys en vertel dit nou vir mekaar. Dit is nie teken van innerlike swakheid nie, maar juis van geestelike bevryding en krag.

As jy liefhet, is jy al ver oor halfpad wat goeie vaderskap betref.

‘n Gebrek aan liefde word nie vergoed deur geld of al die kennis van die lewe of die beste opvoedingstegnieke nie. As jy jou kinders liefhet, soek jy spontaan na wat Bybels gesien die beste vir hulle is.

Soek jy in jou verhouding met hulle na versorging, moontlikhede tot lewensontwikkeling, ‘n vertrouensverhouding, gebalanseerde Christelike tug wat harte tref en nie altyd fisies hoef te wees nie (Efesiërs 6 ens), verantwoordelike geldhantering, respek vir ander mense as Beelddraers van God, ‘n sin vir regverdigheid, ‘n omgee vir jou liggaam en jou goed en gehoorsaamheid aan God se wet.